

Vuk'uzenzele



Produced by Government Communications (GCIS)

English/Afrikaans

| Julie 2018 Uitgawe 1

Madiba shapes another life

A STUDENT LUCKY enough to have been selected for the first Mandela-Rhodes Foundation (MRF) scholarship and to meet Madiba says that the future belongs to those who empower themselves with knowledge.

Allison Cooper

Struggle icon former President Nelson Mandela said, "Education is the great engine of personal development. It is through education that the daughter of a peasant can become a doctor, the son of a mine worker can become head of the mine and the child of a farm worker can become the president of a great nation".

Dr Buntu Godongwana (35), one of eight students to receive an inaugural MRF scholarship in 2005, is proof of this.

"Our progression from humble beginnings in Guguletu, Cape Town, to sharing ideas on international platforms, with world leaders in our discipline, is living testimony of Madiba's words," he said.

Dr Godongwana, now a lecturer at the Department of Chemical Engineering at the Cape Peninsula University of Technology (CPUT), said the scholarship is a special award.

"Being selected in the inaugural cohort will always be a highlight of my aca-

ademic career. It's more than a monetary award, it served as affirmation of our values and recognition of our leadership potential.

"It came with the responsibility of setting the tone and benchmark for future scholars; living the principles of leadership, as embodied by patron Mandela; and giving substance and form to his vision of building exceptional leadership capacity in Africa. I was truly humbled and honoured to be a part of this great vision."

Born in Guguletu in 1983, Dr Godong-



wa- na matriculated from Fezeka Senior Secondary School as the best academic achiever in 2000. He completed his undergraduate studies in Chemical Engineering in 2004 and, along with being awarded the scholarship, was named the Learning Cape Festival Icon by the Western Cape

● Cont. on page 2



Community celebrates R21-million land deal

Page 5



Moseneke to lead Lesotho mediation team

Page 15



ALSO AVAILABLE ON:



@VukuzenzeleNews

f Vuk'uzenzele

Websites: www.gcis.gov.za

www.vukuzenzele.gov.za

E-mail: vukuzenzele@gcis.gov.za

Tel: (+27) 12 473 0353

Free Copy

"A good head and good heart are always a formidable combination. But when you add to that a literate tongue or pen, then you have something very special."

Nelson Mandela



Gemeenskap vier R21 miljoen se grondtransaksie

'N GRONDEISTRANSAKSIE naby Alice in die Oos-Kaap lei tot groter swart deelname aan die toerisme sektor.



Double Drift- gemeenskap is opgewonde on einaars van 'n wildsplaas te wees.

Siya Miti

'n Oos-Kaapse gemeenskap sien uit na 'n opwindende nuwe ervaring nadat hulle regeeringsbefondsing gekry het om 'n wildsbestuursprogram onder leiding van die gemeenskap op die been te bring.

Die gemeenskap van Dubbeldrif naby Grahamstad bestaan uit 1 500 mense uit 264 gesinne. Hulle is in 1991 deur die Ciskei-regering van hul grond verwyder om plek te maak vir 'n wildreservaat in blanke besit.

Die gemeenskap het onlangs die titelaktes vir die grond ontvang, wat ingevolge die grondher-

verdelingsprogram aan hulle terugbesorg is.

Volgens die Oos-Kaapse premier, Phumulo Masualle, is R21 miljoen aan die grondeistransaksie toegewys, wat in fases oorhandig word.

"Dit is 'n beduidende stap met betrekking tot omgewingsbewaring en transformasie. Die

fasiliteit word ontwikkel op 'n regverdige grondslag met ander wildreservate mee te ding en die regering ondersteun die gemeenskap met befondsing en die skenking van wild, asook opleiding," sê Masualle.

Die gemeenskap is mede-bestuurders van die reservaat saam met die Oos-Kaapse Parke-en-Toerismeagentskap (ECPTA) onder die vaandel van die Likhayaletu Communal Property Association (LCPA). Hulle het R6 miljoen van die Departement van Omgewingsake ontvang om 'n ekonomies haalbare wildsonderneming op die 1 400-hektaarwildsplaas te ontwikkel, wat deur die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming vir hulle aangekoop is.

Die voorsitter van die LCPA, Mxolisi Ngesi, sê die gemeenskap het sy eis in 1998 ingedien. In 2012 het die gemeenskapslede 23 500 ha ontvang, wat sedertdien deur die bykomende 1 400-hektaarwildreservaat aangevul is.

"Ons is baie opgewonde, omdat ons uiteindelik alles gekry het wat ons wou hê. Die regering het vir ons befondsing vir infra-

struktuur gegee. Ons het wild, onder andere 10 bergsebras, vyf hartbeeste en 10 elande," vertel Ngesi. Hulle sal binnekort ook buffels en rooibokke aankoop.

Hy het bygevoeg dat die gemeenskap opleiding deur ECPTA ontvang om die wildreservaat te bestuur.

"Die plan is om twee lodges te bou en ons is tans besig om veldwagterbassis en 'n boma te bou waar die diere afgelaai kan word," sê Ngesi.

"Die oprigting van 'n 10 km-heining en die toegangshek het 61 werksgeleenthede vir die gemeenskap geskep," het die Minister van Omgewingsake, Edna Molewa, tydens die amptelike oorhandiging gesê. **U**

On twitter

Reaction to the story of a domestic worker who is now Dr Pamela Phumzile Sithole:

Laura (@AbesVan)
I admire your brave struggles and your amazing achievements.

Dithandis (@thandiwetwala03)
Indeed Sky is not the limit 🙌🙌🙌

Marhumekani @God_be_with_yal she was like a big sister to students at school big ups Pamela leadership!!!

msimelelo @msimza_boss
Woow wonderful sister, that is what Hector Peterson and others fought for, may it shall be even to others. Freedom came yesterday

Youth Month

Facebook

Sindi Tshabalala
Young Lions Day of South Africa

Chippas Tshepo Makou
Government and private sectors must provide capital for YOUTH MONTH

Amanda Gawe
That day made me cry when I watched the movie ...its so painful that most of our youth are doing bad think like getting drunk and all that instead of making an event and do speeches poems, drama and all the amazing things.

On twitter

Lusanda Sima @LusandaSima
Many student died in Soweto Is popular known as the Soweto uprising or June 16 the uprisings tragically ended with hundreds of young people killed by the apartheid government when they protested against the imposition of Afrikaans as medium instruction

New bee saving buzz

WESTERN CAPE environmentalists swarm to the rescue of the humble honeybee.

Like water, land and air, the honeybee is vital to agriculture.

According to the South African National Biodiversity Institute more than 50 different crops in South Africa are reliant on the insect for pollination.

This is why the Western Cape Department of Agriculture and the Western Cape Bee Industry Association have developed a new strategy aimed at ensuring the sustainability of the bee population in the province.

The strategy comes after the bee industry identified several problems affecting bees. These include insufficient food, theft and vandalism, disease,

environmental hazards such as pollution, and exposure to external factors such as fires and drought.

According to the Department of Agriculture, the single largest concern is that there will not be enough food for bees in the Western Cape. South Africa's honeybee species rely on both indigenous and exotic species like eucalyptus, flowering crops and suburban plants to provide year-round food sources.

However, as an alien invasive plant, six species of eucalyptus have been targeted for removal explains the provincial Department of Agriculture.

The strategy proposes that a Bee Forage Commission be


established, which will be composed of players from various provincial and national government departments as well as universities and representatives from the bee industry.

Among the projects this commission will undertake are the development of a book exploring bee-friendly plants, a campaign with nurseries to mark plants as 'bee friendly' in much the same way some species are being marketed as 'water friendly' and exploring the possibilities of a mass

bee food planting project.

The Western Cape MEC for Economic Opportunities Alan Winde said the report shows that South Africa has imported 2 000 tonnes of honey annually since 2010. "This is an agri-processing opportunity to produce local honey and honey-related products, right here in the Western Cape," he said.

The chairman of the Western Cape Bee Industry Association, Dr Tlou Masehela, said the industry at large must pull together and make the initiative work. **U**



Vrystaat se swart chemiese nyweraars skeep werk

DIE HULPSKEMA vir Swart Nyweraars het Kevali Chemicals gehelp om masjinerie en toerusting aan te koop om die onderneming op dreef te kry.

More Matshedisio

'n Plaaslike chemiese vervaardigingsmaatskappy help om werkloosheid te bestry deur ongeveer 70 volhoubare werksgeleenthede in Harri-smith in die Vrystaat te skeep.

Kevali Chemicals is die eerste Vrystaatse chemiese vervaardiger in swart besit wat 'n verskeidenheid watersuiwerings-, higiëne- en sanitêre oplossings asook kleefmiddels produseer.

Die maatskappy is in 2014 gestig deur vier vriende wat kundiges is op die terrein van chemikalieë, vinnig bewegende verbruikersgoedere, produkontwikkeling en die kleefmiddelbedryf.

Die Uitvoerende Direkteur van Kevali Chemicals, Funeka Khumalo, sê die Hulp-skema vir Swart Nyweraars het haar maatskappy gehelp om masjinerie en toerusting aan te koop wat



hulle in staat gestel het om die vervaardiging- en produksielyn vir watersuiweringsmiddels, skoonmaak- en ontsmettingsmiddels asook kleefmiddels te begin.

"In die begin moes ons geld in die onderneming instoot om dit op te dreef te kry, maar ons het uiteindelik befondsing van die Departement van Handel en Nywerheid (die dti) deur middel van die Hulp-skema vir Swart Nyweraars (BIS) asook die Nywer-

heidsontwikkelingskorporasie verkry," vertel sy verder.

Die Hulp-skema vir Swart Nyweraars het Kevali Chemicals gehelp om masjinerie en toerusting aan te koop om die vervaardiging- en produksielyn vir watersuiwerings-, skoonmaak- en ontsmettingsmiddels asook kleefmiddels te begin.

Die hulp-skema is 'n toelae-program van die Beleid vir Swart Nyweraars wat daarop gerig is

om die potensiaal van swart nyweraars wat in die Suid-Afrikaanse ekonomie sake doen te ontsluit deur middel van doelbewuste, toegespitste en goed omskrewe finansiële en nie-finansiële tussenkomst.

Khumalo sê dat dit ongeveer R18 miljoen gekos het om die onderneming op dreef te kry en bykans 11 maande om 'n wins te begin maak.

Die maatskappy versprei sy produkte regoor Suid-Afrika asook in Uganda, Namibië en Tanzanië.

Khumalo sê dat die uitwerking van die onderneming op plaaslike inwoners se lewens veel verder as net werkskepping strek.

"Bo en behalwe dat ons werksgeleenthede vir plaaslike inwoners geskep het, het ons ook 'n maatskaplike-beleggingsprogram waardeur ons vroue wat in townships en landelike gebiede woon help om klein sakeondernemings te begin wat in die

vervaardiging van huishoudelike higiëne- en sanitasieprodukte spesialiseer," sê sy.

Sy vertel verder dat jong entrepreneurs moet weet dat dit nooit maklik is om 'n nuwe sakeonderneming te begin nie, maar dat hulle nie moet moed verloor nie omdat hulle wel later die vrugte sal pluk.

Die Adjunkminister van Handel en Nywerheid, Bulelani Magwanishe, sê Kevali het die eer om die eerste onderneming te wees wat in die chemikalieë-, farmaseutieseprodukte- en plastieksektor spesialiseer, wat sedert die inwerkingstelling van die Program vir Swart Nyweraars in 2016 goedgekeur is.

"Die maatskappy sal broodnodige werksgeleenthede aan die omliggende gemeenskappe van Harri-smith bied, wat onder hoë vlakke van werkloosheid gebuk gaan," verduidelik Adjunkminister Magwanishe. **U**

Corks pop for KZN community winery

A KZN COMMUNITY is seeing grapes with new eyes, thanks to a community winery that is empowering people and creating jobs.

Hlengiwe Ngobese

Wine vineyards and the Cape are intertwined but a KwaZulu-Natal (KZN) co-operative winery hopes to break this perception with the introduction of a fine coastal wine made with grapes grown in rural vineyards.

The 12 hectares of vineyards are spread across the Ilembe District Municipality in the rural areas of Mandeni, Ndwedwe and Maphumulo. The project is run by a local Ilembe co-operative and supported by the KZN Department of Cooperative Governance and Traditional Affairs, which has injected R19,5 million into the development of the vineyards and processing facility.

Named Seventeen 87 (the year in which Zulu King Shaka was born), the wine not only

pays tribute to one of the province's most legendary leaders but is a proudly KZN product, with all processes done locally.

Mandeni, Nyoni Ilembe Co-operative supervisor Siphon Gumede who is a member of the cooperative that is producing the wine said the business has changed the lives of people in Mandeni.

"We were sitting at home hopeless without jobs but now we are able to take care of our families. To hold this bottle of wine makes me emotional and proud at the same time since this is something I was part of from scratch."

"I now know how to plant, nurture and spray the crops. I am able to pass this knowledge to someone else. I did know about the varieties of grapes but being here I am able to differentiate them," said Gumede.

He said what he enjoys most



about the project is that he is working with members of his community and they are building a business that belongs to them.

Seventeen 87 was introduced at Africa's Travel Indaba held in Durban recently.

The vineyards in the Mandeni

and Maphumulo local municipalities saw their first harvest in February, with the testing of the winery equipment conducted by a viticulturist in the same month.

In the three months that followed, eight tons of grapes were processed and 8 000 litres

of wine produced.

Winemaker Daniel Maerkl who was teaching the cooperative how to cultivate the wine explained that the community owns the project and will be empowered to eventually manage all the winery's processes on their own. **U**

Skep werkseleenthede vir KZN-jeugdige

'N PRIVAAT-OPENBARE vennootskap sal help om jongmense met vaardighede in voertuigproduksie toe te rus.

Hlengiwe Ngobese

Meer as 20 jongmense van KwaZulu-Natal gaan baat by 'n nuwe Mahindra-aanleg van R95 miljoen, wat 'n nuwe reeks dubbelkajuitbakkies genaamd Pik Up aan die buitewyke van Durban sal vervaardig.

Vyf-en-twintig jongmense in KwaZulu-Natal het opleiding ontvang en werkseleenthede losgeslaan met die opening van die nuwe Mahindra-aanleg.

Die personeel het in vennootskap met internasionale Mahindra en die Mahindra-groep, asook AIH-logistiek opleiding ondergaan en sal vir verdere opleiding na Indië gestuur word wanneer nodig.

Die proefproduksie van die fasiliteit is reeds aan die gang, en die beplande produksie van ongeveer 2 000 voertuie per jaar, sal uiteindelik tot

4 000 voertuie per jaar toeneem.

"Die belegging is goed vir beleggersvertroue. Dit toon steeds dat KwaZulu-Natal bevorderlik vir beleggers is. Dit stuur ook 'n boodskap aan mense wat dalk nog twyfel of Durban inderdaad 'n plek is om te oorweeg vir belegging," het die LUR vir Ekonomiese Ontwikkeling, Toerisme en Omgewingsake Zikalala tydens die bekendstelling gesê.

Volgens hom sal die aanvanklike werkseleenthede wat in hierdie onderneming geskep word, bydra tot die ontwikkeling van meer vaardighede in die provinsie.

Een van die werknemers is die gekwalifiseerde ingenieur Sithembiso Mthembu, wat sê dat hy baie bly is om 'n werk te hê.

"Ek sit al 'n jaar lank by die huis sonder werk. Hierdie geleentheid het my gehelp om vir my en my gesin te



Sithembiso Mthembu, 'n werknemer by die Mahindra-monteringsaanleg in Durban, groet die LUR vir Ekonomiese Ontwikkeling, Toerisme en Omgewingsake, Sihle Zikalala, tydens die bekendstelling van die program.

sorg. Hoewel ek 'n graad in meganiese ingenieurswese het, het ek nie veel gewete oor hoe om 'n motor te monteer nie. Die opleiding wat ons hier gekry het, het ons gehelp om selfvertroue en kundigheid te ontwikkel,"

sê hy.

Mahindra se Hoof van Internasionale Bedryfsake, Arvind Matthew, sê die maatskappy beoog om 40 persent van die komponente vir die Pik Up-bakkie by plaaslike ver-

skafters te verkry.

"Die montering van die Pik Up is die eerste stap in ons langtermynplan, waardeur ons werkseleenthede en plaaslike verkryging in KwaZulu-Natal gaan verhoog," sê hy. ■

Pig farmer brings home the bacon

A FEMALE FARMER is making a go of it in the agriculture sector which she believes is a great driver of food security, poverty alleviation, job creation and economic growth.

Betty Nyambi cannot believe that she is a successful pig farmer with 150 sows on her Bronkhorstspuit farm in Gauteng.

"I am so proud of myself because I am able to contribute to the economy and employ people on my farm. That I am a successful woman in a man's world makes me even prouder."

Nyambi, who has named her farming business Sincobile Trading and Agriculture Piggery, owns 173 hectares of land that she acquired through the Department of Rural Development and Land Reform to start her farming business.

She employs four people and is able to send about 100 pigs to the local abattoir each month.

"I have always had an interest in farming. After completing matric I decid-



Betty Nyambi believes that every South African must play their part in food security.

ed to study agriculture at the Tshwane University of Technology. I proceeded to work on different farms to get practical experience. Anything that involves the soil and nature excites me."

Nyambi started her business with only six pigs in 2015. The business took off when the Gauteng Department of Agriculture and Rural Development (GDARD) provided her with 26 pigs.

Currently, she has 150 sows and two boars. She also uses artificial insemination as part of her farming method.

"There is no reason why South Africans should not farm. Even if it's a small

garden in your backyard, your family will never go hungry. I enjoy my piggery and it has given me a chance to provide for my family and my community."

Nyambi adds that she received accolades for her hard work when she was the first runner-up in the Female Entrepreneur Farmer of the Year Awards in 2016. Despite her success she believes that her business has room to grow.

She has dispelled misconceptions that farming is for old people and encourages young women to enter the agriculture sector.

"I cannot stress enough the reasons why women and young people should follow the farming route. This field is easy especially once you get to understand it. I really encourage other South Africans to join me." ■